






<p><b>Space Junk</b></p> <p><b>Openbare vertonings:</b></p> <p>18 Julie: 19:30 Eng 25 Julie: 18:00 Afr</p>	<p><b>WAT OP GAAN, KOM NIE ALTYD AF NIE</b></p> <p>SPACE JUNK is 'n visueel plofbare ontdekkingsreis wat die oplossings ondersoek om ons planeet se satellietwentelbane weer skoon te maak. Ervaar skouspelagtige natuurlike sowel as mensgemaakte botsings.</p> <p>Vervaardig deur Melrae Pictures Aanbeveel vir algemene gehore</p>	
<p><b>Passport to the Universe</b></p> <p><b>Openbare vertonings:</b></p> <p>18 Julie: 18:00 Afr 25 Julie: 19:30 Eng</p>	<p><b>'n Onvergeetlike reis</b></p> <p><i>Passport to the Universe</i>, met Tom Hanks as verteller, neem die gehoor op 'n ongelooflike reis vanaf ons huisplaneet, deur die Melkweg, tot aan die einde van die waarneembare Heelal.</p> <p>Vervaardig deur American Museum of Natural History Aanbeveel vir skoolgroepes en algemene gehore</p>	
<p><b>Fragile Planet</b></p> <p><b>Openbare vertonings:</b></p> <p>11 Julie: 18:00 Afr 11 Julie: 19:30 Eng</p>	<p><b>Reis 120 miljoen ligjare om ons tuiste te herontdek</b></p> <p><i>Fragile Planet</i> bied aan die gehoor die uitsig van 'n ruimtevaarder op die aarde, met die klem op die aarde se unieke streke. Die reis word dan voortgesit na die maan, Mars, en buite die Melkweg, op soek na 'n habitat wat moontlik ruimtelewe kan huisves.</p> <p>Vervaardig deur the California Academy of Sciences Visualization Studio Vertel deur Sigourney Weaver Aanbeveel vir skoolgroepes en algemene gehore</p>	

<p><b>Nanocam</b></p> <p><b>Spesiale Gesinsprogram:</b> 27 Junie: 18:00 Eng 27 Junie: 19:30 Afr 4 July: 18:00 Afr 4 July: 19:30 Eng</p> <p><b>Ook beskikbaar op aanvraag vir groepbesprekings</b></p>	<p><b>Jy krimp tot die grootte van 'n insek en vlieg deur die oog van 'n naald</b></p> <p>Nanocam is 'n mikroskopiese plesierrit na die vyf koninkryke van lewende organismes. Met die nuutste 3D-animasie-tegnologie bied dit 'n unieke, aangrypende, opvoedkundige en komiese benadering tot lewe wat nog nooit voorheen op hierdie manier gesien is nie. Die perfekte vertoning om die Verenigde Nasies se dekade van biodiversiteit te vier, stimuleer die belangstelling in wetenskap en ontlok 'n ondersoekende gees onder jongmense. <b>Nanocam is 'n uitnodiging om te dink oor wat lewe is.</b></p> <p>Vervaardig deur <u>EI Exilio</u> Aanbeveel vir skoolgroepe en gesinne</p>	
<p><b>Our Living Climate</b></p> <p><b>Beskikbaar op aanvraag vir groepbesprekings</b></p>	<p><b>Ontdek die geskiedenis van klimaatsverandering op die aarde</b></p> <p><i>Our Living Climate</i> is 'n boeiende inleiding oor die geskiedenis van klimaatsverandering op Aarde. Die aanbieding help gehore om te verstaan hoe wetenskaplikes voortdurende klimaatsverandering bestudeer en hoe ons, as mense, die geleentheid het om die kli-maat te beïnvloed, ten goede of ten kwade.</p> <p>Vervaardig deur Melbourne Planetarium, Scienceworks Museum, Museum Victoria Aanbeveel vir skoolgroepe met ouderdomme 10-16 en algemene gehore</p>	
<p><b>The Search for Life: Are We Alone?</b></p> <p><b>Eersdaags beskikbaar</b></p>	<p><b>'n Soektog vanuit die dieptes van die oseane tot die buitewyke van die kosmos</b></p> <p><i>Die American Museum of Natural History</i> se <i>The Search for Life: Are We Alone?</i> met Harrison Ford as verteller en vervaardig in samewerking met NASA, verken hierdie vraag deur besoekers op 'n fassinerende reis deur tyd en ruimte te neem. Vanuit die dieptes van die aarde se oseane tot aan die buitewyke van die kosmos, ondersoek <i>The Search for Life</i> die verband tussen lewe op die aarde en die moontlikheid van lewe op ander</p>	

planete.  
Vervaardig deur American Museum of  
Natural History  
Aanbeveel vir algemene gehore

### STIGTINGSDONATEURS



**science  
& technology**

Department:  
Science and Technology  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**



**the detea**

the department of economic  
development, tourism and  
environmental affairs  
**FREE STATE PROVINCE**



### DONATEURS

**Amerikaanse Museum vir Natuurstudie**  
**Hermann Ohlthaver Trust**  
**Joan St Leger Lindbergh Liefdadigheidstrust**  
**Old Mutual-stigting**  
**Raubex-groep**  
**Universiteit van Michigan**  
**Windmill CSI (Sun International)**